*Saterdag* **17 Mei**

**Skrifgedeeltes Esegiël 36:16-38; Levitikus 15:32, 33**
**Fokusgedeelte: Esegiël 36:26-29a**

**Bekering, reiniging deur Christus en Gees ter wille van sý Heilige Naam!**

In Levitikus 15 gee die HERE voorskrifte oor manlike en vroulike onrein afskeidings. So ’n onrein persoon moet gereeld met WATER was totdat die afskeiding weg is (Lev. 15:13, 27, 28, 32, 33). Aan die einde van die onreinheid moet ’n versoeningsoffer voor die HERE gebring word. Hierdie onreinheid is soms ’n doelbewuste daad; andersins onbewustelik, reëlmatig en gereeld.

In Esegiël 36 word Levitikus 15 se waarteken van WATER-reiniging en versoeningsoffer ná liggaamlike onreinheid oorgedra op die sondes wat die verbondsvolk op ’n reëlmatige en gereelde wyse gepleeg het. Esegiël 36:16-18: *“Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land (Jerusalem) gewoon het, het hulle dit verontreinig … met hulle handelinge; hulle handelinge was voor my aangesig soos die besoedeling van die maandelikse onreinheid. Daarom het Ek my grimmigheid oor hulle uitgegiet, vanweë die bloed wat hulle in die land vergiet het, terwyl hulle dit met drekgode verontreinig het.”* Hulle het met ’n willekeurige besluit sonde gepleeg en soms nie eens besef dat hulle sonde doen nie. Hierdie reëlmatige en gereelde sondepleging is juis dan die oorsaak van die ballingskap. Geen berou, sondeafwassing of versoening is begeer nie. *“Toe hulle aankom waarheen hulle gegaan het, het hulle my heilige Naam ontheilig, deurdat daar van hulle gesê is, ‘dit is die HERE se volk hierdie, maar uit sy land moes hulle padgee’”* (36:20). Selfs in ballingskap word die Naam van die HERE gereeld en doelmatig ontheilig.

Dáárom sê die HERE: *“Nie ter wille van július doen Ek dit nie … maar slegs ter wille van mý heilige Naam, wat onder julle ontheilig is … sal Ek my groot Naam heilig”* (vs 22-23). Wat gaan Hy doen? Hy gaan hulle terugbring na hulle land; rein WATER oor hulle sprinkel; van *“al julle onreinhede … en afgodsbeelde sal Ek julle reinig. Ek sal julle ’n nuwe hart gee … My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg … Ek sal julle verlos van al julle onreinheid”* (24-29a).

Hierdie beloftes hét die HERE nagekom: met die terugkeer na Jerusalem; met die dood, opstanding en hemelvaart van Christus; en met die uitstorting van die Gees. Met die wederkoms: ’n nuutgemaakte Jerusalem en skoongewaste gelowiges aan die bruilofsmaal van die Lam – al singend word God se Naam geheilig!

*Sing: Skrifberyming 14:1, 2 (8-1:1, 2)*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus Pretoria/Kroonstad)*